# GEDAGTE VIR DIE DAG

**"As jy niks verander nie, sal niks verander nie"**

**NUUSBRIEF 13** **15 JUNIE 2022**

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

Geagte Ouers

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Ons kan met trots sê dat die tweede kwartaal, tot dusver, uiters suksesvol was. *Midstream Ridge Laerskool* het verseker 'n groot stap vorentoe geneem wat sport aanbetref. Ons is ongelooflik trots op die drie rugbyspanne wat aan die *Bloubul* semi-finale uitspele deelgeneem het. Die manne het voorwaar hul harte op die veld gelos. Dankie aan elke speler, ouer en afrigter wat bygedra het tot hierdie uiters suksesvolle seisoen.
Hokkie en krieket is reeds sterk aan die gang en tydens die vakansie, vind krieket-wedstryde plaas. Op kultuurvlak ervaar ons ook groot entoesiasme en toewyding, van beide leerders en onderwysers.
Ons sien uit na die laaste skoolweek voordat die vakansie begin.

## INLIGTING

### PROGRAM VIR VRYDAG, 17 JUNIE 2022 (SKOOL SLUIT 12:30)

Op Vrydag, 17 Junie, doen ons dinge bietjie anders. Leerders kan sommer met hul pajamas en pantoffels skool toe kom, teen 'n vrywillige donasie van R10 ten bate van piekniek bankies vir die terrein. Klik asseblief op die skakel vir die nodige reëlings vir die dag. **PROGRAM 17 JUNIE 2022**

### NASORGSENTRUM VAKANSIEPROGRAM

Die nasorgsentrum bied 'n vakansieprogram van 27 Junie tot 1 Julie 2022 aan. Maak gerus van die geleentheid gebruik om u kind konstruktief besig te hou. Volg die skakel vir meer inligting en inskrywings: **Nasorg Vakansieprogram Jun/Jul 2022**

### KLEREWINKEL VAKANSIE-URE

| | |
|---|---|
| Vrydag, 24 Junie 2022 | 07:00 – 15:00 |
| Maandag, 27 Junie tot Woensdag, 13 Julie 2022 | Gesluit |
| Donderdag en Vrydag, 14 en 15 Julie 2022 | 08:00 – 16:00 |
| Maandag, 18 Julie 2022 | 08:00 – 17:00 |

### RIDGE SNOEPIE

Het u geweet dat *Ridge Snoepie* vir u kind se verjaarsdag partytjie-happies voorsiening kan maak? Klik asseblief op die skakel vir meer inligting: **RIDGE SNOEPIE**

## MANDELADAG – 22 JULIE 2022

Op Vrydag, 22 Julie 2022, vier ons Nelson Mandeladag by *Midstream Ridge Laerskool*. Op hierdie dag sal elke kind, 67 minute van sy/haar eie tyd afstaan om HOOP aan letterlik duisende mense te bring, wat die bewustheid kweek dat ons 'n groot verskil kan maak met 'n klein mate van bedagsaamheid. Tydens die 1ste en 2de periodes van Vrydag, sal elke leerder sy/haar eie bottel in hul registerklas vul en versier. Die mikpunt is om 30 koffiebottels per registerklas vol te maak. *Midstream Ridge Laerskool* sal 1,260 sopbottels bydra, om sowat 7,500 volwassenes te voed. Ons wil u by voorbaat bedank vir u ondersteuning. **MANDELADAG 2022**

## VERLORE GOEDERE

Daar word gereeld baie verlore horlosies, *smart watches* en brille ingehandig. Kontak gerus vir Mev Corrine Taylor by 084 402 9805 of corrinetaylor4@gmail.com, indien u enige van hierdie waardevolle items vermis.

## HHCU FONDSINSAMELING

Die *Highveld Horse Care Unit* is 'n nie-winsgewende organisasie, betrokke by perderedding, rehabilitasie ens., wat in geheel van donasies afhanklik is. Indien u belangstel om dié saak te ondersteun, klik asseblief op die volgende skakel. **HHCU FONDSINSAMELING**

## STUDIEMETODE-KURSUS

Maak gerus gebruik van die breedvoerige studiekursus wat tydens die skoolvakansie plaasvind. Volg asseblief die skakel vir meer inligting. **STUDIEMETODE-KURSUS**

## MRP-KRIEKETWEEK

Teken asseblief die volgende datums aan:

| | |
|---|---|
| o/9 tot o/11 | 27 – 30 Junie 2022 |
| o/12 en o/13 | 04 – 07 Julie 2022 |

## *SPRING FEST* 10 SEPTEMBER 2022

Volg asseblief die onderstaande skakel vir meer inligting: **SPRING FEST 2022**
Maak uself gereed vir HIERDIE eksklusiewe TOP-kunstenaars deur betyds u *Spring Fest* kaartjies te koop!
https://www.howler.co.za/events/midstream-springfest-bf37

| | |
|---|---|
| TRUTH BE TOLD | Net soos wat God vir Moses beskerm het om nie as baba doodgemaak te word nie, sodat hy die persoon kon word om God se volk uit Egipte te lei, kan Hy ons ook beskerm! Almal het 'n doel en God sal berge versit vir ons om dit te bereik! https://www.youtube.com/watch?v=hI9rDikU-FM |

Midstream Ridge-groete

**VERNON HARMSE**
**SKOOLHOOF**